




# Die Maand Wat Was


## November 2013 Sakegesprek Beleggings Nuusbrief

### Bateklasprestasie (per jaar) tot einde Oktober 2013

#### Langtermyn pj van 1900 tot einde 2011



Bron: Credit Suisse





Bron: PlexCrown/I-Net Bridge

Die primêre bepalers van beleggingsprestasie is die blootstelling en gewigte in verskillende bateklasse. Die afgelope 12 maande, 5 jaar en 10 jaar was goeie periodes vir die groter bateklasse, dit selfs teen die agtergrond van negatiewe nuusvloei – al die bateklasse het nie alleen by inflasie bygehou nie, maar in lyn met die langtermyn tendens (1900 tot 2011) presteer.

### Waarde van R10,000 belê oor verskillende periodes

#### 12 maande gelede



Vir hierdie ontleding is suiwer indeks prestasies gebruik - konserwatiewe portefeulje het 33% in aandele, gebalanseerde portefeulje het 50% blootstelling in aandele en 'n groei portefeulje het 66% blootstelling in aandele met die balans van die portefeuljes gelykop verdeel tussen effekte en kontant. Die saamgestelde impak van groeibate blootstelling (aandele) wys duidelik in die 5 en 10 jaar prestasies en dat dit oor die langer periodes inflasie beduidend uitpresteer.

## Oktober 2013 - Die Maand Wat Was

### WENKE VIR SUKSESVOLLE AFTREDE

Hier is 'n paar wenke wat jou kan help om slim finansiële besluite tydens jou aftrede te neem. Hierdie wenke is oor die afgelope 20 jaar vanaf suksesvol afgetrede individue in Suid-Afrika en die VSA versamel.

#### 1. Moenie jou uitgawes na aftrede onderskat nie

Dit is 'n mite om te dink dat jou uitgawes na jou aftrede gelykmatig sal afneem tot jou sterfdag. Die samestelling van jou begroting na aftrede sal moontlik verander soos wat meer geld aan gesondheidsorgkoste bestee word en minder aan luukse aktiwiteite. Probeer beplan om uitgawes dieselfde te hou en maak slegs aanpassings vir inflasie.

#### 2. Fokus op 'n optimale portefeulje

Jy kan nie die opbrengs op jou beleggings beheer nie: hierdie opbrengste sal altyd deur die aandelemarkte, rentekoerse en inflasie beïnvloed word. Jou beste kans om effektief met hierdie veranderlikes saam te leef, is om die optimale portefeulje te ontwerp wat die wisselvalligheid van die aandelemarkte minimaliseer, terwyl dit terselfdertyd verseker dat jy steeds inflasie deurlopend gedurende jou leeftyd klop. Om koste te beheer is 'n belangrike faktor in hierdie besluit en die gebruik van indeksbeleggings is een van die beste maniere om dit te bereik.

#### 3. Beplan vir mark wisselvalligheid

Jy moet jouself voorberei op groot aandelemark dalings tydens jou leeftyd. Dit is onmoontlik om dalings in die aandelemark te voorspel, en enige strategie wat poog om hierdie markgebeure te voorspel, gaan jou 'n hele klompie geld kos, en onnodige stres in jou lewe veroorsaak. Die beste manier om mark wisselvalligheid te hanteer, is om 'n goed gediversifiseerde portefeulje te hê wat in kontant, staatseffekte, genoteerde eiendom en aandele belê is. Indien jy in 'n lewende annuïteit belê het, kan jy jou onttrekkings bestuur deur 'n kleiner persentasie te onttrek wanneer markte afneem. 'n Ideale onttrekkingskoers uit 'n lewende annuïteit wissel tussen 4% en 8%, afhangende van jou finansiële welstand, ouderdom en gesondheid.

#### 4. Leer lesse uit gedragsfinansies

Mense is ongelukkig nie rationeel wanneer hulle beleggingsbesluite neem nie, veral nie in stresvolle situasies nie. Jy moet bewus wees van jou persoonlike tekortkominge (vooroordele) wat jou vermoë om goeie besluite te neem kan beperk. Hier volg 'n paar van die besluitnemingsfoute wat beleggers op 'n gereelde basis maak:

- **Oormaat selfvertroue:** Mens is veral geneig om te glo dat hulle die beter beleggingskeuses maak, ten spyte van navorsing wat die teendeel bewys.
- **Verteenwoordiging:** Ons is geneig om tot die gevolgtrekking te kom, dat byvoorbeeld, 'n 80 % wins gevolg deur 'n verlies van 60 %, 'n 20 % wins agterlaat. (In werklikheid, beteken dit 'n netto 28 % verlies). Dit geld ook vir effektetrust ranglyste waar ons aanvaar dat 'n fonds wat goed presteer het in die verlede, sal voortgaan om te presteer in die toekoms. In baie gevalle sal beleggers beter af wees om eerder fondse te selekteer wat minder goed presteer het in die verlede.
- **“Framing” (Begripsraamwerk):** Ons maak besluite op grond van die raamwerk waarin inligting deurgegee word, soos die onlangse opbrengste van jou beleggings. As jy vir die eerste keer in aandele belê het in 2008, sal jy glo dat aandele 'n swak belegging is, wat doodeenvoudig nie waar is nie. Jou aanvanklike ervaring met 'n belegging kan dikwels die verwagtinge vir die res van jou lewe bepaal en dit is gevaarlik.

## 5. Wees skepties oor die tydsberekening van die mark

'n Afgetrede individu se eerste prioriteit met beleggings is om te waak teen 'n permanente verlies van kapitaal deur swak besluite te neem. Tweedens, is dit belangrik om kapitaal teen inflasie te beskerm, wat beteken dat jy nie te konserwatief kan wees met beleggingsbesluite nie. Jy behoort 'n minimum blootstelling van 35% aan aandele hê om te verseker dat jou kapitaal met inflasie tred hou.

## 6. Hou jou huis as 'n laaste reserwe

'n Afbetaalde huis kan as jou finansiële reserwe dien sou jy finansiële probleme later in jou aftrede ervaar. 'n Huis is 'n groot bron van emosionele sekuriteit, maar dis ook 'n dooie bate wat net geld kos. As jy in 'n moeilike finansiële posisie is, kan jy jou huis verkoop, 'n woonstel huur en die res van die opbrengste uit die verkoop van jou huis gebruik om jou lewenskostes te finansier vir die res van jou lewe.

## 7. As iets te goed klink om waar te wees, dan is dit te goed om waar te wees

Wees versigtig vir verkopers wat druk op jou plaas om 'n produk te koop of om in iets te belê. Wees ook waaksaam vir beloftes van buitengewone hoë opbrengste. As 'n produk of skema te goed klink om waar te wees, dan is dit waarskynlik. 'n Belegging is soos 'n dieet, net soos jy nie 20 kilogram in 'n week kan verloor nie, sal geen belegging of skema (wat wettig is) van jou 'n kitsmiljoenêr maak nie.

## 8. Vermoë gekompliseerde beleggings. As jy nie verstaan presies wat jou uiteindelige bate is nie, (aandele, eiendom, ens) pasop

Suksesvolle beleggers vermoë ingewikkelde beleggings want ingewikkelde beleggings verberg dikwels baie risiko en kostes tussen al die bates en fynskrif. Hoe eenvoudiger die belegging is, hoe beter is die kans dat die belegging voortdurend sal groei sonder enige onaangename verrassings. As jy nie binne die eerste vyf minute verstaan hoe die belegging werk nie, moet jy dit eerder vermoë.

## DIE FOUT WAT BESIGE MENSE MAAK

### Ons dink ons moet slegs ons tyd bestuur maar ons moet ook ons bandwydte bestuur

*Deur Sendhil Mullainathan*

Besige mense maak almal dieselfde fout: hulle aanvaar dat hulle tyd beperk is, wat die waarheid is. Tyd is egter nie hul enigste skaars hulpbron nie, maar ook 'n tekort aan bandwydte. Met bandwydte bedoel ek basiese kognitiewe hulpbronne - sielkundiges noem dit die werkende geheue en die uitvoerende beheer – ons gebruik dit vir byna elke aktiwiteit. Bandwydte is wat ons toelaat om te redeneer, te fokus, nuwe idees aan te leer, kreatiewe spronge te maak en ons onmiddellike begeertes te weerstaan. Ons gebruik bandwydte om 'n goeie deelnemer aan 'n belangrike vergadering te wees, om 'n goeie baas vir 'n werknemer wat ons frustreer te wees en om 'n oplettende ouer of eggenoot te wees.

Wanneer ons dinge skeduleer, wil ons nie net opdaag nie. Ons wil doeltreffend wees wanneer ons daar kom. Dit beteken ons moet *bandwydte* bestuur en nie net *tyd* bestuur nie. En dit is hier waar dinge moeilik raak want bandwydte tree nie in dieselfde manier op as tyd nie. Tyd kan maklik ontleed word: 'n uur kan op baie maniere verdeel word. Vyftien minute op dié memorandum, vyf minute om na die volgende vergadering te stap, 30 minute tydens die vergadering en dan tien minute aan vrae na die vergadering. O ja, en miskien 'n vinnige oproep tydens die vyf minute se stap na die vergadering. Die besige individu is 'n deskundige op die ontleding van tyd: dit is tog hoe hulle alles in hulle dag inpas.

Maar bandwydte kan nie opgedeel word soos tyd nie. Stel jouself voor - 'n ete saam met 'n vriend wie se huwelik op die rotse is en jou nader vir 'n bietjie raad. Nou verbeel jou dat haar versoek teen dieselfde tyd kom as die sperdatum van 'n groot projek. Jy waardeer haar vriendskap, dus maak jy tyd vir aandete, maar sodra jy daar is, besef jy dat jou gedagtes terug dwaal na die projek. Jy hoor die advies wat jy gee en voel dit is vertroebel. Jy probeer om haar te

troos, maar dit voel asof jy nie regtig op die regte pad is nie, want jy het slegs 70 % van wat sy gesê het, gehoor. Die probleem is natuurlik dat terwyl jy tyd gemaak het vir haar, het jy nie bandwydte vir haar gemaak nie.

Dit is die groot fout: ons fokus op die bestuur van tyd en uiteindelik die wanbestuur van bandwydte. Hier is nog 'n voorbeeld: 'n Belangrike strategie memorandum vereis twee ure se skryf. Soos 'n goeie tydsbestuurder, vind jy die tyd daarvoor - 'n een uur blok tussen twee vergaderings en twee halfuur blokke later. Maar teen die tyd dat jy regtig gefokus is en die vorige vergadering uit jou gedagtes is, is jou eerste uur amper verby. En die ander half ure kan net sowel nie daar gewees het nie. In jou twee ure het jy miskien 30 minute se kwaliteit werk gedoen.

Maar ons kan beter bandwydte bestuurders word. Eerstens, erken dat verskillende take minder of meer bandwydte vereis. Die ronde-tafel projek opdatings vergadering is dalk tydrowend, maar neem nie bandwydte in beslag nie. Die finale besluit oor wat om te doen rakende die oulike, maar onderpresterende werknemer is nie tydrowend nie, maar dit neem bandwydte in beslag. Om 'n goeie ouer of eggenoot te wees kan beide tyd en bandwydte in beslag neem.

Tweedens, erken dat sommige take jou bandwydte uitput, selfs wanneer jy nie aan hulle werk nie - 'n dreigende sperdatum of 'n uitdagende besluit stuur jou gedagtes weg van alles waarmee jy besig is. Dit laat jou met minder bandwydte vir alle ander take en verantwoordelikhede. Ten slotte, doen ook take wat nie jou bandwydte uitput nie, maar wat dit verfris. Dit kan tyd saam met familie wees, om na 'n rugbywedstryd te kyk, tyd by die gimnasium of net om niks te doen nie.

Hierdie eenvoudige idees kan verander namate jy jou dag skeduleer. Moenie take aanpak wat baie bandwydte vereis (die strategiese memo) direk na take wat bandwydte uitput nie. Gee jouself meer tyd as nodig om die vorige vergadering uit jou gedagtes te kry. Vir veeleisende take wat bandwydte verg, besef dat langer blokke beter as korter blokke werk. Ten slotte, vind die take wat jou bandwydte verfris en maak tyd vir hulle.

'n Vriend van my, 'n besige entrepreneur, het gebieg dat hy op 'n Dinsdag sy kalender met fiktiewe vergaderings vul. Soms dwaal hy net in die winkels. Partykeer voltooi hy al die takies wat opgehoop het. Soms lê hy net op die rusbank. Hierdie aktiwiteite is beleggings in bandwydte. "Ek is net meer produktief sedert ek begin het met geheime Dinsdae" het hy een dag gesê. Dit is die ware geheim van die geheime Dinsdae.

*Lees meer : Sendhil Mullainathan : vir besige mense , bestuur tyd en 'n bandwydte | TIME.com*  
<http://ideas.time.com/2013/09/09/the-mistake-busy-people-make/#ixzz2jUulqaxc>

Indien lesers enige voorstelle het wat onderwerpe of gaste betref, stuur gerus 'n e-pos aan: [Theo@sakegesprek.co.za](mailto:Theo@sakegesprek.co.za) of volg Theo op Twitter [@sakegesprek](https://twitter.com/@sakegesprek).

***Lesers is welkom om hierdie Sakegesprek nuusbrief aan te stuur. Om by die maandelikse nuusbrief databasis gevoeg te word, besoek gerus die Sakegesprek webbladsy en registreer op die nuusbrief skakel of stuur 'n e-pos aan: [nuusbrief@sakegesprek.co.za](mailto:nuusbrief@sakegesprek.co.za).***

Mooi loop!

Theo Vorster

[Theo@sakegesprek.co.za](mailto:Theo@sakegesprek.co.za)

**Volg ons op**  
**TWITTER**



Volg ons op twitter @sakegesprek vir program  
opdatings en interessante beleggings- en sakenuus

Theo het in 2010 kykNET genader met die konsep om 'n trots Suid-Afrikaanse sakeprogram saam te stel wat die prestasie van sakeleiers uitlig en wat sakeleiers die geleentheid gee om hul eie suksesverhaal met die kykers te deel – kykNET het die konsep en die program uit die staanspoor heelhartig ondersteun. In die afgelope 3 reekse is daar met 38 sakeleiers gesels.

Theo is 'n stigter en uitvoerende hoof van Galileo Capital, 'n finansiële dienste maatskappy wat spesialiseer in finansiële beplanning en welvaartbestuur ([www.galileocapital.co.za](http://www.galileocapital.co.za)). Warren Ingram, wat aan die hoof staan van Galileo Capital se welvaartbestuurs afdeling, was Suid Afrika se 2011 finansiële beplanner van die jaar. Vir enige voorstelle of vrae, kontak Theo gerus by: [Theo@galileocapital.co.za](mailto:Theo@galileocapital.co.za).